



# 2 September 2017 – Dag Stap


## Eagles Cove - te Buffelspoort

Dit is 06:00 en ons kry mekaar by Pine Haven om die dag te begin.

Na ons kortliks verdwaal het is ons om 07:30 voor die hek en ontmoet met Jaques wat ons breedvoerig inlig oor die roetes en die omgewing, moets en die moenies en natuurlik die leer!



Die weer was perfekte stapweer, koel in die oggend, maar sommer gou-gou was dit heerlik en ons span van 10 grootmense en 4 kinders was op volspoed leer toe. By die leer aangekom het emosies gewissel van "wow!" tot "oooooohh no!" Maar almal was dapper en het die leer en die krans daarna soos "pro's" deurgewerk.



Dit was brunch tyd en die rivierloop was perfekte plek om onder die bome in die koelte iets te nuttig en batterye te laai.

Die res van die stappie was net so lekker en vol grappe soos die eerste deel en toe ons by die hut aankom was almal lekker moeg en het ons die kans gebruik om middag ete te maak van als wat oorgebly het wat soos kos lyk.
Na die kort stappie tot by die voertuie het ons kuier tot einde gekom en is ons huiswaarts.



*Cornie & Mari*